ACER (Africa)
Environmental Management Consultants
NATIONAL PREMIUM AWARD 2002 & 2004
INTERNATIONAL ASSOCIATION FOR IMPACT ASSESSMENT
SOUTH AFRICAN CHAPTER

P O Box 503, Mtunzini, 3867 South Africa
Suites 5 & 6, Golden Penny Centre
26 Hely Hutchinson Rd
Tel: 086 010 4958
Fax: 035 340 2232
Website: www.acerafrica.co.za
E-mail: nuclear1@acerafrica.co.za

25 Mei 2007
Verw: Nuclear1 01A

«Title» «First_Names» «Surname»
«Position»
«CoOrg»
«Address»
«City» «Postcode»

Geagte «Title» «Surname»«Salutation»

**ESKOM - OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (EIA: 12/12/20/944)**
**VIR ‘N VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR**

Die doel van hierdie brief is om van inligting aangaande drie aspekte van die begoemde projek oor te dra: (a) beknopte agtergrond tot die projek (b) aanvang van die OIS (c) aanvang van publieke deelname.

**Agtergrond tot die projek**
Eskom Holdings Limited (Eskom) stel die konstruksie van ‘n Kernkragsentrale en gepaardgaande infrastruktuur in óf die Oos-, die Noord-, of Wes-Kaap Provinsies voor. Die rede hiervoor is dat Suid-Afrika se behoefte aan elektrisiteit drasties groei en dat dit Eskom Eskom om sy elektrisiteitsopwekkingskapasiteit uit te brei.

In Suid-Afrika is daar ‘n behoefte aan meer as 40 000 MW nuwe elektrisiteitopwekkingskapasiteit oor die volgende 20 jaar. Hierdie addisionele opwekkingskapasiteit kan van ‘n verskeidenheid energiebronne verkry word, byvoorbeeld steenkool, vloeibare brandstof gas-turbines, aardgas, uraan (kernkrag), hidro- en pompstoorskemas asook wind- en sonkrag.

Gevolglik het Eskom gedurende die vroeë 1980’s dit belangrik geag om omvattende en intensiewe pre-lewensvatbaarheidsstudies te doen, ten einde terreine in Suid-Afrika te identifiseer wat geskik is vir moontlike toekomstige kernkrag opwekking. Gevolglik, is die Eskom Kernkragondersoek projek van stapel gestuur en het onder leiding van ‘n span onafhanklike konsultante, terreine langs die Suid-Afrikaanse kuslyn ondersoek. Gebaseer op verskeie sosiale-, ekonomiese- en omgewingskriteria is die volgende potensiële terreine geïdentifiseer:

- Thyspunt (Oos-Kaap, wes van Port Elizabeth naby Kaap St Francis).
- Bantamsklip (Wes-Kaap, 10 km suidwes van Pearly Beach).
- Duynefontein (Wes-Kaap, langs die bestaande Koeberg Kragsentrale, Kaapstad).
- Brazil (Noord-Kaap in die Kleinsee/Port Nolloth area).
- Schulpfontein (Noord-Kaap in die Hondeklipbaai/Kleinsee area).

**Breedvoerige inligting, wat ‘n liggingskaart insluit, is in ‘n Agtergrondsinligtingdokument saamgevat, wat afsonderlik aan u gepos sal word.**

Drukvaste Water Reaktor tipe tegnologie gaan gebruik word vir die voorgenome kernkragsentrale wat deur Eskom opgerig gaan word. Hoewel detail ontwerp nog nie voltooi is nie, word daar geraam dat die hele ontwikkeling, hulp infrastruktuur ingesluit, ongeveer 31 ha sal beslaan. Indien die projek gemagtig word, word daar verwag dat die konstruksie van die voorgestelde kernkragsentrale teen 2009/2010 kan begin met die ingebruikneming van die eerste eenheid teen 2016.

**Aanvang van die OIS**

In terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet Nr. 107 van 1998 en die OIS regulasies wat gedurende April 2006 gepubliseer is, is die konstruksie van ‘n Kernkragsentrale ‘n gelyste aktiwiteit wat omgewingsmagtiging vereis. Die voorgestelde projek vereis omgewingsmagtiging van die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme, met insette van die volgende provinsiale owerhede:

- Oos-Kaap Departement van Omgewingsake, die Omgewing en Toerisme.
- Noord-Kaap Departement van Toerisme, die Omgewing en Bewaring.
- Wes-Kaap Departement van Omgewingsake, Ontwikkeling en Beplanning.

Arcus Gibb (Pty) Ltd is deur Eskom as onafhanklike omgewingskonsultant aangestel om die omgewingstudie proses vir die konvensionele kragsentrale te onderneem. ACER (Africa) Environmental Management Consultants is deur ARCUS GIBB as sub-konsultant aangestel om publieke deelname aspekte te hanteer.

**Publieke Deelname**

U word uitgenooi om aan die OIS deel te neem deur kommentaar te lewer en relevante kwessies te lug en/of voorstelle tydens publieke vergaderings te maak **(sien asseblief die tabel hieronder).**

**PUBLIEKE VERGADERINGS**

| AREA | DATUM | PLEK | TYD |
|---|---|---|---|
| Noord-Kaap, Houtkop | 06 Junie 2007 | Houtkopskuur | 10:00 – 12:30 |
| Noord-Kaap, Koinghaas | 06 Junie 2007 | Castle Hill, Koinghaas | 15:00 – 17:00 |
| Noord-Kaap, Kleinsee | 06 Junie 2007 | Blue Diamondsaal, Kleinsee | 18:30 – 20:00 |
| Wes-Kaap, Atlantis | 08 Junie 2007 | Saxonsaal, Atlantis | 09:00 – 11:30 |
| Wes-Kaap, Duynefontein | 08 Junie 2007 | Atlantic Beach Golflandgoed | 12:30 – 15:00 |
| Wes-Kaap, Milnerton | 08 Junie 2007 | Summergreenssaal, Milnerton | 16:00 – 18:30 |
| Oos-Kaap, Oesterbaai | 11 Junie 2007 | Oesterbaai Saal, Oesterbaai | 11:00 – 14:00 |
| Oos-Kaap, Humansdorp | 11 Junie 2007 | Humansdorp Gemeenskapssentrum | 15:00 – 18:00 |
| Oos-Kaap, Jeffreysbaai | 12 June 2007 | Jeffreysbaaisaal | 10:00 – 13:00 |
| Wes-Kaap, Gansbaai | 13 Junie 2007 | Pretoria Saal, Gansbaai | 09:00 – 12:00 |
| Wes-Kaap, Pearly Beach | 13 Junie 2007 | Pearly Beach Klub | 13:00 – 16:00 |
| Wes-Kaap, Elim | 13 Junie 2007 | Elim Kerksaal | 17:00 – 20:00 |

Alternatiewelik kan u van die volgende geleenthede gebruik om deel te neem:

- Beskou die inligting in die Agtergrondsinligtingdokument voorsien en gee terugvoer (die dokument sal afsonderlik gepos word).
- Voltooi die kommentaarblad en stuur per pos, faks of e-pos terug aan ons.
- Woon vergaderings en werkswinkels by. Inligting aangaande addisionele vergaderings sal op die regte tydstip gekommunikeer word.
- Kontak die Publieke Deelname Kantoor om verdere inligting te verkry en kwessies te opper.

Ek wil u graag aanmoedig om van die geleenthede wat ons voorsien gebruik te maak ten einde aktief en betekenisvol deel te neem aan die OIS-proses en by te dra tot die besluitnemingsproses.

Moet asseblief nie huiwer om die Publieke Deelname Kantoor te kontak indien u enige verdere inligting benodig nie.

Die uwe,

Me Bongi Shinga
Publieke Deelname Spanleier

✂ Sny asseblief uit en plak teen u kennisgewingbord of yskas

.................................................................................................................................................

**ESKOM - OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (EIA: 12/12/20/944)**
**VIR ‘N VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR**

**Publieke Deelname Kantoor Kontak Besonderhede:**

ACER (Africa) Environmental Management Consultants
Me Bongi Shinga of June Mottram
Posbus 503, Mtunzini, 3867
Tel: 086 010 4958 (teen die koste van ‘n plaaslike oproep)
Faks: 035 340 2232
E-pos: nuclear1@acerafrica.co.za

Plaaslike Publieke Deelname Beampte
Me Suzette Hattingh (in Kaapstad)
Tel: 083 2356799
E-pos: designop@designovative.com

Projek doumentasie is ook op Eskom se webwerf: www.eskom.co.za/eia, beskikbaar.